Streeksgeskiedskrywing en koloniale verhoudinge: Die Wes-Kaapse platteland en die Karoo

Pieter de Klerk
Vaaldriehoekkampus
Noordwes-Universiteit

Abstract

Scholars who specialize in local or regional history study the characteristics and development of a society on a micro-level. These characteristics include demographic, economic, social, political, juridical, cultural and religious aspects. Historical writing on the relations between the indigenous Khoisan and the Western colonizers in the Cape Colony during the period before 1900 has a strong socio-economic focus. Furthermore, regional differences have received little attention in these texts. Therefore a regional approach may provide a fuller and more nuanced perspective. A provisional examination of historical studies on rural areas in the western part of the Cape Colony and the Karoo was done for the purpose of this article and only seventeen studies were found that contain significant research results regarding the relations betweeen the colonizers and the colonized peoples. In the article these results are evaluated. It appears that, although the seventeen studies provide important information, none of them deal with the whole spectrum of relations between the indigenous peoples and the colonizers. The available source material inevitably puts restrictions on the results that can be achieved. However, in none of the studies optimal use was made of all the relevant sources. There is a strong need for more research in the field of regional history with a focus on colonial relations.

Keywords: Regional history; Rural areas; Colonial relations; Cape Colony; Boland; Karoo; Khoisan; Stock farmers; Western Cape.

Inleiding

Die ingypende verskille wat tussen historici bestaan ten opsigte van die interpretasie van kernaspekte van die Suid-Afrikaanse geskiedenis, hang nou

saam met verskille in filosofiese en ideologiese uitgangspunte,[1] maar is ook meegebring deur die besondere wyse waarop die Europese kolonisasie van Suid-Afrika verloop het. In die Verenigde State van Amerika is 'n Westerse samelewing gevestig waarin die oorspronklike inheemse groepe heeltemal verdring is en die geskiedenis van hierdie land word tans deur die meeste historici vanuit 'n Westerse perspektief beskou en beoordeel. Ten opsigte van Suid-Afrika, daarenteen, moes aanvanklik wyd aanvaarde interpretasies vanuit die gesigspunt van die Westerse koloniseerders[2] plek maak vir beskouings waarin die inheemse bewoners in die sentrum staan. 'n Belangrike hulpmiddel om 'n meer gebalanseerde beeld van die Suid-Afrikaanse geskiedenis te vorm, is om dit binne die wyer konteks van die wêreldgeskiedenis te bekyk.[3] Aan die ander kant kan die studie van kleiner geografiese eenhede binne Suid-Afrika, soos streke of stede, ook help om 'n meer ewewigtige beeld van die groter geheel te vorm.[4]

'n Verdere faktor wat tot verskille in historiese interpretasie lei, is dat historici soms eensydig klem lê op óf politieke óf ekonomiese óf sosiale ontwikkelinge. Om 'n goeie begrip te vorm van die aard en kompleksiteit van die Suid-Afrikaanse samelewing, en ook van die verhoudinge wat daar vanaf die sewentiende eeu tussen die Europese koloniseerders en die inheemse bevokingsgroepe in Suid-Afrika geheers het, moet al die aspekte, polities, ekonomies, sosiaal, kultureel, godsdienstig, ensvoorts, in oënskou geneem word. Wanneer ontwikkelinge in die hele Suid-Afrika, of in 'n groot deel daarvan, bestudeer word, is dit moeilik om aan al die relevante aspekte deeglik aandag te gee. As navorsing tot 'n klein geografiese gebied beperk word, is die moontlikheid groter om die verskillende aspekte tot hul reg te laat kom en integrale geskiedenis te skryf. Die bestudering van plaaslike geskiedenis bied

1 Die verskillende denkrigtinge onder Suid-Afrikaanse historici word onder meer bespreek in: FA van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse verlede; geskiedenisideologie en die skuldvraagstuk* (Johannesburg, Lex Patria, 1984); K Smith, *The changing past; trends in South African historical writing* (Johannesburg, Southern, 1988); P Maylam, *South Africa's racial past; the history and historiography of racism, segregation and apartheid* (Aldershot, Ashgate, 2001); HE Stolten (ed), *History making and present day politics; the meaning of collective memory in South Africa* (Uppsala, Nordska Afrikainstitutet, 2007).

2 Die term koloniseerders eerder as die term koloniste word meesal in die artikel gebruik, omdat onder koloniste (soms ook setlaars genoem) gewoonlik verstaan word mense wat hulle permanent in 'n land vestig as boere, handelaars, ensovoorts, terwyl koloniseerders ook, onder meer, amptenare, soldate en sendelinge insluit wat nie noodwendig permanente inwoners van die land is nie.

3 Vergelyk P de Klerk, "Van 'n Eurosentriese na 'n Afrosentriese geskiedenis; is daar 'n alternatief?", *Koers,* 59(1), 1994, pp 53-68.

4 Vergelyk AG Oberholster, "Streeksgeskiedenis en die historikus", *Contree,* 6, 1979, p 30.

besondere moontlikhede om 'n samelewing op mikrovlak in al sy fasette te ondersoek.[5]

In hoeverre het streeksgeskiedskrywing daartoe bygedra om kennis van en insig in die verhoudinge tussen koloniseerders en inboorlinge in Suid-Afrika te bevorder? In hierdie artikel word gepoog om die vraag gedeeltelik te beantwoord. Daar word net gelet op streeksgeskiedskrywing wat gedoen is ten opsigte van die westelike helfte van Suid-Afrika, die gebied wat deur die Khoikhoi en die San bewoon is voor die begin van Europese kolonisasie. In die oostelike helfte van die land was die inboorlinge hoofsaaklik Bantoesprekende stamme en dié gebied was oor die algemeen digter bevolk as die westelike dele voor dit deur koloniseerders van Europese afkoms binnegedring is. Studies oor plaaslike geskiedenis betreffende die oostelike helfte van Suid-Afrika verg daarom 'n aparte ondersoek. In hierdie artikel word gekonsentreer op die geskiedskrywing van plattelandse streke, waar die Europese koloniseerders hulle hoofsaaklik as boere gevestig het, in die tydperk voor 1900.

As agtergrond tot die bespreking van die streekshistoriese studies word enkele algemene opmerkinge rakende streeksgeskiedskrywing en die geskiedskrywing van die verhoudinge tussen inboorlinge en koloniseerders in die Kaapkolonie gemaak.

Streeksgeskiedskrywing

Plaaslike geskiedenis word reeds eeue lank in die Westerse wêreld beoefen.[6] Vanaf die 1950s was daar 'n oplewing in die belangstelling in hierdie vertakking van die geskiedkunde en is onder meer verskeie verenigings vir plaaslike geskiedenis in Noord-Amerika, Groot-Brittanje en Duitsland opgerig, wat daartoe bygedra het om dit as 'n akademiese dissipline uit te bou.[7] Die Franse Annalesskool het die wyse waarop streeksgeskiedenis beoefen is sterk beïnvloed.[8] Onder die Annalesskrywers is dit veral E le Roy Ladurie wat 'n nuwe

5 Vergelyk PL Scholtz, *Streeksgeskiedenis; 'n fassinerende mikrokosmos* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1978).

6 Vergelyk PL Scholtz, *Streeksgeskiedenis*…, p. 7.

7 Vergelyk CC Eloff, *Streekhistoriese navorsing en die SAPGN* (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1984), p. 5; C Saunders, "What of regional history? Towards a history of the Western Cape", *South African Historical Journal,* 22, 1990, p. 131.

8 Vergelyk JA Benyon, et al., *Studies in local history* (Cape Town, Oxford University Press, 1976), p. 12; AG Oberholster, "Steeeksgeskiedenis en die historikus", *Contree,* 6, 1979, p 30; CC Eloff, *Streekhistoriese navorsing en die SAPGN,* p. 8.

rigting in die streeksgeskiedenis aangedui het met sy *Les paysans de Languedoc,*[9] waarin hy 'n "totale" geskiedenis van die kleinboersamelewing in die Franse landstreek Languedoc van die vyftiende tot die agtiende eeu probeer skryf.[10] Hy maak gebruik van dokumente soos grondbelastingregisters en lyste van pryse en lone wat hy statisties verwerk om 'n groot verskeidenheid afleidings te maak. Le Roy Ladurie bied egter nie net 'n ekonomiese geskiedenis nie, maar ook 'n geskiedenis van die leefwyse en kultuur van die boerebevolking in die betrokke gebied. Meer onlangs het AT van Deursen met sy boek oor die samelewing in 'n sewentiende-eeuse Nederlandse boere- en vissersdorp, waarin onder andere heelwat statistiese afleidings uit dokumentêre gegewens gemaak word, 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel vir streekshistorici.[11]

Le Roy Ladurie en Van Deursen se navorsing handel oor die tydperk toe die oorgrote meerderheid Europeërs op die platteland gewoon en 'n bestaan as landbouers gemaak het. Die Industriële Omwenteling, wat in die agtiende eeu in Europa begin het, het gelei tot 'n ingrypende verandering in die aard van die samelewing. Daarom kan plaaslike geskiedenis onderverdeel word in die geskiedenis van plattelandse streke en dorpe, wat soms kortweg streeksgeskiedenis genoem word, en stedelike geskiedenis, waarin hoofsaaklik die geskiedenis van geïndustrialiseerde gebiede bestudeer word.

Soos uit bibliografieë van die Suid-Afrikaanse geskiedenis blyk, het daar reeds 'n hele aantal werke op die terrein van die plaaslike geskiedenis in Suid-Afrika verskyn.[12] Baie van hierdie geskrifte is in opdrag van stadsrade gelewer, ander is die produkte van skrywers wat plaaslike geskiedenis as 'n stokperdjie beoefen het, en daar is ook verskeie studies gedoen met die oog op die verwerwing van meesters- en doktorsgrade in geskiedenis. Die werke is dan ook van wisselende wetenskaplike gehalte. In 1975 het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), 'n regeringsinstelling, 'n afdeling vir streeksgeskiedenis gestig en in 1977 begin om 'n eie tydskrif, *Contree,* uit te gee.[13] As 'n uitvloeisel van 'n ondersoek na navorsingsprioriteite het die RGN besluit dat navorsing oor tussengroepverhoudinge 'n belangrike prioriteit is en dat streekhistoriese navorsing 'n waardevolle bydrae tot navorsing op

9 E le Roy Ladurie, *Les paysans de Languedoc* (Paris, École Pratique des Hautes Études, 1966). Dit is in Engels vertaal as *The peasants of Languedoc* (Urbana, University of Illinois Press, 1974).

10 Vergelyk J Day, "Foreword", E le Roy Ladurie, *The peasants of Languedoc,* p. ix.

11 AT van Deursen, *Een dorp in de polder; Graft in de zeventiende eeuw* (Amsterdam, Bert Bakker, 1994).

12 CF J Muller et al., *South African history and historians; a bibliography* (Pretoria, Unisa, 1979); BJ Liebenberg et al., *A bibliography of South African history, 1978-1989* (Pretoria, Unisa, 1992). Bibliografieë van publikasies wat na 1989 verskyn het, is gepubliseer in verskeie nommers van die *South African Historical Journal.*

13 CM Bakkes, "Redaksioneel", *Contree,* 1, 1977, p. 3.

hierdie terrein kan lewer.[14] Die Afdeling vir Navorsing oor Streek- en Sosio-ekonomiese Geskiedenis, soos dit amptelik bekend gestaan het, is egter in 1991 gesluit. Gedurende die sestien jaar van sy bestaan is daar verskeie studies gedoen, wat hoofsaaklik handel oor gedeeltelik of volledig geïndustrialiseerde dorpe en stedelike gebiede. Benewens kort bydraes in *Contree,* is net een groter studie oor 'n bepaalde landstreek in die toenmalige Kaapprovinsie, naamlik die Drakensteinvallei, gepubliseer.[15] Uit die bibliografieë in die *South African Historical Journal* blyk dit daar in die periode na 1990 maar baie min publikasies op die terrein van streeksgeskiedenis verskyn het. Dit wil voorkom of die belangstelling in hierdie afdeling van die geskiedkunde in Suid-Afrika afgeneem het.

Beskou teen die agtergrond van die werke van Le Roy Ladurie en Van Deursen en die riglyne van die RGN,[16] sou die vernaamste aspekte rakende die verhouding tussen inboorlinge en koloniseerders wat in 'n streekshistoriese studie na vore behoort te kom, kortliks so saamgevat kan word:

- demografiese aspekte: die getalsverhoudinge tussen inboorlinge en koloniste, maar ook tussen, onder meer, slawe en Khoisanplaaswerkers (in die vroeë periode), plaas- en dorpsbewoners en inwoners van sendingstasies en van ander dele van die streek;
- sosiale aspekte: die aanwesigheid van rasse- en ander sosiale skeidslyne; meester-knegverhoudings op plase en in dorpe; huwelike en seksuele verhoudinge tussen lede van verskillende groepe; interaksie tussen groepe in kerke, skole en verenigings;
- ekonomiese aspekte: die verhouding tussen verskillende groepe in landboubedrywighede; die vergoeding van plaaswerkers; die rol van lede van die onderskeie groepe in handel en sakebedrywighede op dorpe; die invloed van sendingstasies en hul inwoners op die ekonomie van die streek;
- kulturele aspekte: die tale en dialekte van die streek en verskille tussen groepe in hierdie verband; onderwystoestande en verskille in hierdie opsig tussen die groepe; die geletterdheidspeil van elke groep; die invloed van kerk en sending op die godsdienstige beskouinge en praktyke van die inboorlinge en op verhoudinge tussen die groepe; die invloed van Khoisankultuur op die

14 CC Eloff, *Streekhistoriese navorsing en die SAPGN,* p. 9.

15 AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987* (Pretoria, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1987). PHR Snyman se werke oor die geskiedenis van Daniëlskuil, Kuruman, Olifantshoek en Postmasburg handel oor dorpe wat tot landbou- en mynbousentrums ontwikkel het en die hoofklem val op die ontwikkelinge van die twintigste eeu.

16 Vergelyk CC Eloff, *Streekhistoriese navorsing en die SAPGN,* pp. 8-12; CC Eloff, "Aspekte van die plaaslike en streeksgeskiedenis: teorie en praktyk", *Contree,* 35, 1994, pp. 11-18.

koloniseerders; verskille en ooreenkomste tussen groepe in kulturele gebruike, lewenstyl en beskouinge;

- politieke en juridiese aspekte: die betrokkenheid van elke groep by plaaslike en ander owerhede; die regstelsel en hoe dit die verskillende groepe raak; misdaad en konflik tussen boere en werkers.

Geskiedskrywing oor die verhoudinge tusen koloniseerders en inboorlinge in die Kaapkolonie[17]

In werke wat in die laat negentiende en vroeë twintigste eeue verskyn het, staan die blanke bevolkingsgroep in die sentrum van die geskiedskrywing. Die eerste band van die bekende oorsigwerk van GM Theal handel oor die leefwyse van die inheemse groepe,[18] maar verder word in sy reeks van elf bande, waarin hoofsaaklik net historiese gebeure in kronologiese volgorde behandel word, nie besondere aandag gegee aan die verhoudinge tussen koloniseerders en inboorlinge nie. Vroeë Afrikaanse historici was in die eerste plek geïnteresseerd in die geskiedenis van die (blanke) Afrikaners. PJ van der Merwe het byvoorbeeld deeglike navorsing gedoen oor die verspreiding van die veeboere in die Kaapkolonie en die verhouding met die inboorlinge kom in sy geskrifte telkens ter sprake, maar word nie in besonder bespreek nie.[19]

WM Macmillan en JS Marais kan as pioniers met betrekking tot die geskiedskrywing oor die bruin mense van die Kaapkolonie beskou word.[20] Eers heelwat later is daar indringende studie gedoen oor, onder meer, die invloed van die Europese vestiging op die Khoikhoi in die periode voor ongeveer 1715, sendingwerk onder die Khoisan, die totstandkoming van ‘n kleurskeidslyn en die hervestiging van Khoikhoi- en Griekwagroepe

17 Verskeie kort historiografiese studies handel oor aspekte van hierdie tema, onder meer: PL Scholtz, HC Bredekamp & HF Heese, *‘n Historiografiese beeld van volkeverhoudinge aan die Kaap tydens die Kompanjiesbestuur, 1652-1795* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1976); J du Bruyn & N Southey, “The treatment of Christianity and Protestant missionaries in South African historiography”, H Bredekamp & R Ross (eds), *Missions and Christianity in South African history* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1995), pp. 27-48; PH Kapp, “Die VOC-tydperk en die ontwikkeling van identiteitsbewussyne aan die Kaap”, *Historia,* 47(2), 2002, pp. 708-738; P de Klerk, “Die akkulturasie van die Khoikhoi en die slawe in die Kaapkolonie (1652-1910) – ‘n historiografiese ondersoek”, *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis,* 21(1), 2007, pp. 1-21; N Worden, “New approaches to VOC history in South Africa”, *South African Historical Journal,* 59, 2007, pp. 3-18.

18 GM Theal, *History of South Africa,* vol.1 (London, Allen & Unwin, 1918).

19 Vergelyk FA van Jaarsveld, *Wie en wat is die Afrikaner?* (Kaapstad, Tafelberg, 1981), pp. 149-152.

20 WM Macmillan, *The Cape colour question; a historical survey* (London, Faber & Gwyer, 1927); JS Marais, *The Cape coloured people, 1652-1937* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1939).

in die oostelike grensgebied van die Kaapkolonie.[21] Navorsing wat tot in die tagtigerjare gedoen is oor die Khoisan, die slawe en die koloniseerders is saamgevat in 'n belangrike sintesewerk oor die vroeë ontwikkeling van die samelewing in die Kaapkolonie.[22] Hierdie publikasie, wat tans nog die status van 'n standaardwerk geniet, gee 'n taamlik ewewigtige beeld van veral die sosiale en ekonomiese verhoudinge tussen die verskillende groepe in die Kaapkolonie voor 1840. Dit is egter nie 'n diepgaande ontleding van die verhoudinge tussen inboorlinge en koloniste wat alle aspekte daarvan betref nie en handel ook nie oor ontwikkelinge in die tweede helfte van die negentiende eeu nie.

In sommige resente geskiedwerke oor die verhoudinge tussen die Khoikhoi en die veeboere in die oostelike dele van die Kaapkolonie gedurende die agtiende eeu word aangevoer word dat die boere in dié gebied hulle werkers feitlik soos slawe behandel het,[23] 'n beskouing wat deur ander historici bevraagteken word.[24] Daar het ook 'n aantal studies verskyn waarin bepaalde aspekte van arbeidsverhoudinge op die Kaapse platteland gedurende die negentiende eeu bespreek word.[25]

In die afgelope twee dekades is 'n hele aantal werke gepubliseer oor sendelinge en sendingstasies in die Kaapkolonie. Onder invloed van materialistiese beskouinge word sendelinge deur sommige skrywers gesien as agente van die

21 R Elphick, *Khoikhoi and the founding of white South Africa* (Johannesburg, Ravan, 1985, revised edition); B Krüger, *The pear tree blossoms; the history of the Moravian mission stations in South Africa* (Genadendal, Moravian Book Depot, 1966); GM Fredrickson, *White supremacy; a comparative study in American and South African history* (Oxford, University Press, 1981); HF Heese, *Groep sonder grense; die rol en status van die gemengde bevolking aan die Kaap, 1652-1795* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1984); JC Visagie, "Die Katriviernedersetting 1829-1839" (D.Litt. et Phil., Unisa, 1978); R Ross, *Adam Kok's Griquas* (Cambridge, University Press, 1976).

22 R Elphick & H Giliomee (eds), *The shaping of South African society, 1652-1840* (Cape Town, Maskew Miller Longman, 1989; revised edition).

23 C Crais, *The making of the colonial order; white supremacy and black resistance in the Eastern Cape, 1770-1865* (Johannesburg, Witwatersrand University Press, 1992), pp. 9-54; S Newton-King, *Masters and servants on the Cape eastern frontier, 1760-1803* (Cambridge, University Press, 1999).

24 Onder meer M Legassick, "The state, racism and the rise of capitalism in the nineteenth-century Cape Colony", *South African Historical Journal,* 28, 1993, pp. 339-341.

25 Kyk onder meer: S Newton-King, "The labour market of the Cape Colony, 1807-1828", S Marks & A Atmore (eds), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (London, Longman, 1980), pp 171-207; J Marincowitz, "Rural production and labour in the Western Cape, 1838-1888, with special reference to the wheat growing districts" (Ph.D., University of London, 1985); R Ross, "The origins of capitalistic agriculture in the Cape Colony: a survey", W Beinart, P Delius & S Trapido (eds), *Putting a plough to the ground; accumulation and dispossession in rural South Africa, 1850-1930* (Johannesburg, Ravan Press, 1986), pp. 56-100; N Worden, "Adjusting to emancipation: freed slaves and farmers in mid-nineteenth century South-Western Cape", WG James & M Simons (eds), *The angry divide; social and economic history of the Western Cape* (Cape Town, Philip, 1989), pp. 31-39; R Ross, "Paternalism, patriarchy and Afrikaans", *South African Historical Journal,* 32, 1995, pp. 34-47; W Dooling, *Slavery, emancipation and colonial rule* (Scottsville, University of KwaZulu-Natal Press, 2007).

koloniseerders en die kapitalistiese stelsel.[26] In verskeie resente studies word die invloed van sendingstasies op die voorsiening van arbeid aan die boere bespreek.[27] In 'n belangrike bydrae tot die geskiedskrywing oor die sending toon E Elbourne aan dat sendelinge van die Londense Sendinggenootskap juis gepoog het om die inboorlinge teen ekonomiese uitbuiting te beskerm en dat die Khoikhoi die Christendom gebruik het in hulle weerstand teen aspekte van kolonialisme.[28] Soos die geskiedskrywing oor arbeidsverhoudinge is resente werke oor die sending onder die Khoisan dikwels sterk beïnvloed deur ideologiese uitgangspunte.

'n Baie belangrike resente studie is dié van N. Penn oor, soos hy dit noem, die noordelike grensgebied van die Kaapkolonie.[29] Hy beskryf daarin die botsings tussen die veeboere en die Khoisan in die loop van die agtiende eeu, waarby die inboorlinge al verder teruggedring en gedeeltelik onderwerp is deur die koloniseerders, totdat al die Khoisan wat oorgebly het in die Kaapkolonie (wat intussen uitgebrei is tot aan die Oranjerivier) heeltemal onder die gesag van die koloniseerders gebring is.

Karel Schoeman, wat ook bekendheid verwerf het as romanskrywer, het in die afgelope jare 'n hele aantal werke oor die geskiedenis van die Kaapkolonie, veral in die Kompanjiestyd, die lig laat sien.[30] Hoewel die koloniseerders in die meeste van sy boeke oor die Kaapse samelewing in die sentrum staan, gee hy baie aandag aan die slawe en die Khoikhoi en probeer hy die verhouding tussen hierdie groepe belig. Ook oor die sending in die laat agtiende en vroeë negentiende eeue het hy verskeie werke gepubliseer. In sy geskrifte speel ideologiese uitgangspunte geensins 'n prominente rol nie en, gesien in die konteks van die uiteenlopende interpretasies van die koloniseerder-inboorlingverhouding in die Kaapkolonie, toon hy oor die algemeen 'n ewewigtige benadering in sy sterk beskrywende studies van die vroeë Kaapse samelewing.

---

26 J du Bruyn & N Southey, "The treatment of Christianity and Protestant missionaries in South African historiography", H Bredekamp & R Ross (eds), *Missions and Christianity in South African history*, pp. 27-48.

27 Vergelyk onder meer: R Ross, "'Rather mental than physical; emancipations and the Cape economy", N Worden & C Crais, *Breaking the chains; slavery and its legacy in the nineteenth century Cape Colony* (Johannesburg, Witwatersrand Universty Press, 1994), pp. 145-168; K Ward, "Links in the chain: community identity and migration", N Worden & C Crais, *Breaking the chains…,* pp. 313-333.

28 E Elbourne, *Blood ground; colonialism, missions, and the contest for Christianity in the Cape Colony and Britain, 1799-1853* (Montreal, McGill-Queen's University Press, 2002).

29 N Penn, *The forgotten frontier; colonists and Khoisan on the Cape's northern frontier in the 18th century* (Athens, Ohio, University Press, 2005).

30 Vergelyk P de Klerk en J Haarhoff, "Die bydrae van Karel Schoeman tot geskiedskrywing oor die Kaapkolonie", *Historia* 52(2), 2007, pp. 125-149.

Daar is duidelik nog baie ruimte vir verdere navorsing oor verhoudinge tussen die koloniseerders en die inboorlinge in die Kaapkolonie. In resente werke word klem gelê op sosiaal-ekonomiese aspekte en min aandag aan kulturele faktore gegee. Streeksgeskiedskrywing kan dus 'n belangrike bydrae lewer om perspektief op die volle spektrum van verhoudinge tussen die verskillende groepe te verkry en ook die verskille tussen streke na vore te bring.

Besondere steekshistoriese studies

Ouer historiese studies oor streke en dorpe in die Kaapkolonie handel feitlik uitsluitend oor die blanke element van die bevolking. HJH Vermeulen begin byvoorbeeld sy werk oor die geskiedenis van Middelburg met die noordwaartse beweging van die "blanke pioniers."[31] Hy toon aan dat die veediefstalle deur die San daartoe gelei het dat die boere hulle probeer uitroei het, maar dat dit in 1798 vervang is met 'n beleid van versoening, waar gepoog is om vee aan hulle uit te deel en hul vertroue te wen.[32] Daar is verder 'n hoofstuk oor sendingwerk deur die Nederduits Gereformeerde (of NG) gemeente Middelburg, maar dit bevat hoofsaaklik gegewens oor die (blanke) sendelinge.[33] Selfs in afdelings oor die plase en landboubedrywighede in die distrik word nie na die bruin plaaswerkers verwys nie. ELP Stals se beknopte oorsig oor die geskiedenis van George en distrik verwys net in enkele sinne na Khoikhoigroepe wat aanvanklik in die gebied gewoon het[34] en bevat ook 'n paragraaf oor sendingwerk,[35] maar in hoofstukke oor onderwys en boerdery word nie na die posisie van die Khoikhoi, slawe en bruin mense verwys nie. Ook in Engelstalige publikasies, soos werke oor die Sondagsriviervallei en Knysna en Plettenbergbaai, word feitlik net oor die blanke inwoners geskryf.[36] Daar is ook baie latere boeke en artikels wat oor streke en dorpe in die Wes-Kaap en die Karoo handel en min of geen aandag gee aan die verhouding tussen die verskillende bevolkingsgroepe nie.

Alle streekshistoriese werke wat moontlik van belang kon wees en opgespoor kon word, is deurgegaan. Sewentien studies is gevind wat resultate van navorsing

31 HJH Vermeulen, *Midelburg Kaap, 1852-1952; eeufeesgedenkboek* (s.p., 1952), p. 3.
32 HJH Vermeulen, *Midelburg…,* p. 5.
33 HJH Vermeulen, *Midelburg…,* pp. 191-202.
34 ELP Stals, *George; die verhaal van die dorp en distrik* (George, Munisipaliteit en Afdelingsraad van George, 1961), pp. 2, 15.
35 ELP Stals, *George…,* pp. 57-59.
36 J Meiring, *Sundays River valley; its history and settlement* (Cape Town, Balkema, 1959); W Tapson, *Timber and tides; the story of Knysna and Plettenberg Bay* (Cape Town, Juta, 1961).

oor verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe bevat. Meer as die helfte van dié werke gee geen besondere aandag aan die verhoudinge tussen koloniseerders en inboorlinge nie, maar dra tog by om wetenskaplike kennis oor hierdie tema uit te brei. Die geskrifte word in 'n geografiese volgorde behandel, veral omdat daar oor die geskiedenis van sommige streke meer as een studie verskyn het en dit daarom voor-die-hand-liggend is om hulle saam te groepeer. By die bespreking van die studies word gefokus op die verhouding tussen blanke boere en dorpsmense aan die een kant en die Khoikhoi, San en bruin mense aan die ander kant, maar die slawe, wat saam met Khoisan en Europeërs die voorouers van die bruin mense vorm, kan nie heeltemal buite beskouing gelaat word nie. Daar word gepoog om in die bespreking na vore te bring aan watter aspekte van die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe aandag gegee word, hoe deeglik dit gedoen word en watter gevolgtrekkinge in dié verband gemaak word.

Stellenbosch[37]

Die proefskrif van A Biewenga[38] is gegrond op dokumente in die Kaapstadse staatsargief, die argief van die NG Kerk en die argief van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (VOC) in Den Haag, asook op verskeie wetenskaplike studies wat al oor die onderwerp gedoen is. Hy probeer vasstel in hoeverre die samelewing in die Kaapkolonie gedurende die periode van 1680 tot 1730 ooreenkom met dié in Nederland gedurende dieselfde tydperk. Biewenga doen onder meer vergelykings met die toestande in Graft, soos beskryf deur Van Deursen,[39] en hy is duidelik deur Van Deursen se benadering beïnvloed. Hy het sy studie beperk tot die distrik Stellenbosch, wat in daardie periode byna die hele kolonie, uitgesonderd die Kaapse skiereiland, uitgemaak het, en

37 Daar het verskeie studies oor die geskiedenis van Stellenbosch verskyn wat nie hier bespreek word nie. Om die driehonderdjarige bestaan van Stellenbosch te gedenk, is 'n omvattende oorsig oor die geskiedenis van die dorp gepubliseer waaraan 'n hele aantal wetenskaplikes meegewerk het: F Smuts (red.), *Stellenbosch drie eeue* (Stellenbosch, Stellenbosse Stadsraad, 1979). Die verhouding tussen koloniseerders en inboorlinge word daarin glad nie bespreek nie. Daar word selfs baie min na die bruin bevolkingsgroep verwys. JL Hattingh, *Die eerste vryswartes van Stellenbosch, 1679-1720* (Bellville, Universiteit vanWes-Kaapland, 1981) handel, soos die titel aandui, oor vrygestelde slawe en die Khoikhoi kom daarin feitlik nie ter sprake nie. H Giliomee skryf in sy *Nog altyd hier gewees; die storie van 'n Stellenbosche gemeenskap* (Kaapstad, Tafelberg, 2007) oor die bruin mense van Stellenbosch, maar hoofsaaklik wat die twintigste-eeuse periode betref. Die eerste gedeelte van sowat sewentig bladsye, oor die periode voor 1900, is hoofsaaklik op ander geskiedwerke gegrond en kan dus nie as 'n nuwe bydrae tot die streeksgeskiedskrywing beskou word nie.

38 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop; een Nederlandse vestigingskolonie, 1680-1730* (Amsterdam, Prometheus, 1999).

39 AT van Deursen, *Een dorp in de polder…*

meer in besonder die direkte omgewing van die nedersettings Stellenbosch en Drakenstein. Oor die Khoisangroepe wat aanvanklik die enigste inwoners van die gebied was, bied hy geen inligting nie. In 'n grafiek dui hy die grootte van die vryburgerbevolking aan; daaruit blyk dat die hierdie groep in die sewentiende eeu veral deur immigrasie gegroei het, maar dat daar ook in die agtiende eeu sterk groei was as gevolg van natuurlike bevolkingsaanwas. Die vryburgerbevoking in 1688 was 132 waarvan slegs 32 vroue was.[40] Hy toon aan dat in die totale bevolkingsgroei tot 1730 die aantal manlike vryburgers afgeneem en die aantal manlike slawe toegeneem het, en lei daarvan af dat die Stellenbosche samelewing al meer op slawe-arbeid gebaseer is. In 1726 het die slawe 57% van die bevolking in hierdie streek uitgemaak.[41]

Biewenga bereken die gemiddele aantal persone per huishouding, waarby ook slawe ingesluit is.[42]Hy gee net 'n kort beskrywing van die aard van die boerderybedrywighede, maar dui wel aan dat daar steeds meer van Khoikhoi-arbeid, naas slawe-arbeid, gebruik gemaak is. Verder word die lewensomstandighede van die slawe en die verhouding met hul eienaars behandel. Hy dui aan dat daar maar min slavinne en gevolglik min slawekinders in die distrik was.[43] Hy vermeld voorbeelde van bloedvermenging tussen blankes en persone van slaweafkoms, egskeidings, huweliksontrou en losbandigheid in die Stellenbosche samelewing.

In sy laaste hoofstuk skenk Biewenga aandag aan sosiale verhoudinge onder die verskillende groepe en toon aan dat daar, wat die vryburgers betref, groot verskille tussen ryk en arm was en dat dit met statusverskille saamgehang het. Hy meen dat rassebewussyn in die tydperk wat hy behandel feitlik nie aan die Kaap voorgekom het nie. Die status van vrygestelde slawe en mense van gemengde rasseherkoms is dan ook nie deur hul ras bepaal is nie en die vryburgers was geensins 'n suiwer blanke groep nie. Boere van slaweherkoms het byvoorbeeld soms blanke knegte gehad.[44]

Biewenga probeer hoofsaaklik aantoon dat die samelewing 'n sterk Nederlandse karakter gehad het en gee nie veel aandag aan die kulturele verskeidenheid wat daar wel in die Stellenbosche distrik moes geheers het nie. Oor die Khoikhoi word baie min geskryf. Daar was in die sewentiende eeu

40 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*…, p. 29.
41 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*…, p. 30.
42 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*…, pp. 89-91.
43 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*…, pp. 196, 289.
44 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*…, pp. 274-275.

waarskynlik heelwat selfstandige Khoikhoi in die streek wat in krale tussen die plase gewoon het[45] en, hoewel Biewenga aandui dat baie van hulle werkers op blanke plase geword het, word die plek wat hulle daarna binne die samelewing beklee het nie in besonderhede bespreek nie.

Die verhandeling van W Dooling oor die distrik Stellenbosch in die periode 1760-1820 handel hoofsaaklik oor die regspraak en die invloed daarvan op die slawe en die Khoikhoi.[46] In 1760 het die distrik Stellenbosch 'n baie groot deel van die kolonie, insluitende dele van die Karoo, beslaan, terwyl dit in 1820 'n baie kleiner gebied (hoofsaaklik die dorpe Stellenbosch, Somerset-Wes en Paarl) omvat het. Dooling baken nie die gebied wat hy ondersoek nader af nie en gee dan ook net 'n vae beeld van wat hy noem "the contours of the settler community"[47] van die distrik. Hy dui nie aan of hierdie samelewing ook, soos in die tydperk wat Biewenga behandel, vryswartes ingesluit het nie. Dooling toon aan dat daar in die setlaarsamelewing taamlik noue bande tussen die verskillende lede, ryk en arm, bestaan het en dat die mate van solidariteit wat tussen die setlaars voorgekom het 'n invloed gehad het op die kanse op sukses van slawe en Khoikhoiwerkers wat klagtes teen hul meesters by die landdros aanhangig gemaak het. Hy kom tot die slotsom dat die VOC-bewind toegesien het dat die regstelsel nie heeltemal 'n instrument in die hande van die setlaars word nie. Indien magsmisbruik van meesters teenoor slawe en knegte hande uitruk, sou dit nie in belang van die breër samelewing wees nie.[48] Dooling meen ook dat, volgens die morele waardes wat in die setlaargemeenskap gegeld het, wreedheid teenoor slawe en werkers as afkeurenswaardige gedrag beskou is; sodoende is die mishandeling van werkers aan bande gelê.[49] Hoewel Dooling veral in die slawe geïnteresseerd is, verskaf hy tog interessante voorbeelde van hofsake waarby Khoikhoiwerkers betrokke was. Hy meen dat die Khoikhoi meesal in 'n beter posisie teenoor die boere was as die slawe omdat daar dikwels 'n arbeidskaarste op plase was en hulle na 'n ander plaas kon verskuif as hulle dit wou doen. Hierdeur is die moontlikheid van samewerking tussen Khoikhoi en slawe om weerstand teen hul meesters te bied beperk.[50]

45 A Biewenga, *De Kaap de Goede Hoop*…,p. 92.
46 W Dooling, "Law and community in a slave society: Stellenbosch district, c. 1760-1820" (MA, UCT, 1991).
47 W Dooling, "Law and community in a slave society…", p. 4.
48 W Dooling, "Law and community in a slave society…", p. 160.
49 W Dooling, "Law and community in a slave society…", p. 161.
50 W Dooling, "Law and community in a slave society…", p. 55.

Die studie van P Scully[51] sluit nou aan by dié van Dooling en handel oor regspraak en plaaswerkers in die distrik Stellenbosch in die periode 1870-1900. Scully se opvatting is, anders as Dooling se meer genuanseerde beskouing van die werking van die regstelsel in die tweede helfte van die agtiende eeu, dat die regstelsel van die laat negentiende eeu só gestruktureer was dat dit die mag van die boere oor hul werkers verstewig het.[52] Dit blyk volgens haar onder meer daaruit dat verskeie bekleërs van openbare ampte ook plaaseienaars was. Sy meen dat die dokumente rakende kriminele sake in die Stellenbosche magistraatskantoor toon dat boere die hof gebruik het, hoewel net as 'n laaste uitweg, om hul werkers te dissiplineer.[53] Uit diefstalsake wat teen werkers aanhangig gemaak is, kom, volgens Scully, na vore dat daar verskillende persepsies oor besitreg by boere en werkers was. Werkers het byvoorbeeld soms gemeen dat hulle die reg het om druiwe op die plaas te pluk. Sy is verder van mening dat diefstal gesien kan word as 'n manier om vir ongelykhede en onderdrukking in 'n bepaalde samelewing te kompenseer.[54] Scully skryf dat 'n paternalistiese stelsel op die plase geheers het waarvolgens die bruin werkers soos onmondige kinders behandel is.[55] Sy meen dat nuwe werkgeleenthede wat die ontdekking van diamante aan bruin mense gebied het hulle 'n paar dekades lank groter bedingingsmag teenoor die boere gegee het, maar dat die beëindiging van regeringsprojekte wat aan baie bruin mense werk verskaf het en die invloei van swart mense uit die Oos-Kaap meegebring het dat hulle posisie teen 1900 weer verswak het. Scully verwys net kortliks na 'n aantal hofsake en dui byvoorbeeld nie aan of daar plase is wat dikwels in diefstalsake gefigureer het nie en of daar ook plase was waar min of geen diefstal volgens die hofrekords voorgekom het nie. Die artikel wek die indruk dat in die dokumente na voorbeelde gesoek is om by 'n vooraf bepaalde raamwerk te pas.

Die Overberg

Die proefskrif van EJ Prins handel, soos die skrywer self in die voorwoord

51 P Scully, "Criminality and conflict in rural Stellenbosch, South Africa, 1870-1900", *Journal of African History,* 30, 1989, pp. 289-300.

52 P Scully, "Criminality and conflict in rural Stellenbosch…", *Journal of African History,* 30, 1989, p. 294.

53 P Scully, "Criminality and conflict in rural Stellenbosch…", *Journal of African History,* 30, 1989, p. 295.

54 P Scully, "Criminality and conflict in rural Stellenbosch…", *Journal of African History,* 30, 1989, p. 297.

55 P Scully, "Criminality and conflict in rural Stellenbosch…", *Journal of African History,* 30, 1989, p. 292. Kritiek op hierdie beskouing word gelewer deur R Ross, "Paternalism, patriarchy and Afrikaans", *South African Historical Journal,* 32, 1995, pp. 34-47.

aandui, slegs oor die blanke inwoners van die westelike Overberg.[56] Dit bevat tog 'n baie lang hoofstuk oor die invloed van die sendingstasie Baviaanskloof (later bekend as Genadendal) op die omliggende gebied en die verhouding tussen die Khoikhoi van Baviaanskloof en die boere van die omgewing, in die periode voor 1806.[57] Die twee vernaamste redes vir die boere se teenkanting teen die vestiging van groot getalle Khoikhoi op Baviaanskloof in die laat agtiende eeu was volgens Prins dat hulle as gevolg daarvan probleme ondervind het om Khoikhoi-arbeid te bekom en dat dit die uitbreiding van hul plase in die Riviersonderendvallei verhinder het.[58] Sy bespreek kortliks die "ewigdurende getwis tussen die Hottentotte en die koloniste oor grond, vee wat op mekaar se eiendom oortree, ensovoorts."[59] Volgens haar het sowel die Khoikhoi as die boere se optrede tot die onmin bygedra. Daar was soms "trouelose" handelinge van Khoikhoiwerkers teenoor die boere, maar die boere het ook nie altyd die besoldiging waarop ooreengekom is aan die werkers betaal nie. Dit het aanleiding gelei tot plundertogte van die Khoikhoi teen die boere.[60] Sy gee ook voorbeelde van skeidingsmaatreëls wat deur die landdros van Stellenbosch ten opsigte van die sendingstasie se gebied en spesifieke plase getref is, maar soms deur die boere en soms deur die Khoikhoi oortree is.[61] Die opleiding wat die Khoikhoi op Baviaanskloof in boerderymetodes en in die beoefening van ambagte ontvang het, het groot voordele vir die boere ingehou. Verder het die sendelinge die Khoikhoi meer bewus gemaak van die waarde van hul arbeid en boere moes hul werkers daarna hoër lone betaal as wat vroeër die geval was.[62]

'n Beknopte studie deur R Viljoen handel oor aspekte van dieselfde onderwerp.[63] Hy bespreek ook redes vir die boere se teenkanting teen die sendingstasie Baviaanskloof en die metodes wat hulle aangewend het om te verhoed dat hul werkers hulle daar vestig. Viljoen vermeld gevalle waar boere hul werkers sleg behandel het en bespreek die optrede van sendelinge om die misbruike te beëindig. Hierdie optrede het bygedra tot die vorming van 'n positiewe gesindheid van die Khoikhoi teenoor die sendelinge en het die

56 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg in die agtiende en vroeë negentiende eeue" (D. Litt. et Phil., Unisa, 1983), p. 6.
57 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg…", pp. 227-366.
58 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg…", p. 286.
59 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg…", p. 320.
60 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg…", pp. 326-327.
61 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg…", pp. 330-339.
62 EJ Prins, "Die kulturele en ekonomiese ontwikkeling van die westelike Overberg…", p. 347.
63 R Viljoen, "Moravian missionaries, Khoisan labour and the Overberg colonists at the end of the VOC era, 1792-1795", H Bredekamp & R Ross (eds), *Missions and Christianity…*,pp. 49-64.

verspreiding van die Christendom onder die Khoikhoi bevorder.[64]

I Balie bied 'n oorsig oor die geskiedenis van Genadendal oor 'n tydperk van 250 jaar.[65] Sy werk is hoofsaaklik gebaseer op bronne in die Morawiese argief. Hy dui kortliks aan watter Khoikhoigroepe voor die vestiging van die sendingstasie in die Baviaanskloofgebied gewoon het. Hy meen dat die ruilhandel met die koloniste hierdie groepe verarm het en dat botsings met die boere oor vee en grond gelei het tot heelwat bloedvergieting.[66] Balie bespreek die werk van die eerste sendeling, Georg Schmidt, en dui aan dat hy gepoog het om die Khoikhoi te laat afsien van tradisionele rituele, onder meer ten opsigte van begrafnisse.[67] Khoikhoikapteins wat op die sendingstasie gewoon het, het, teen vergoeding, die Kaapse bewindhebbers gehelp om gedroste slawe te vang en werkers vir openbare projekte te vind.[68] Wanneer nuwe Khoikhoikapteins aangewys moes word, het die owerheid gewoonlik op advies van die sendelinge opgetree.[69] In 1824 was twee derdes van die sendingstasie se inwoners volgens Balie nie meer suiwer Khoikhoi nie, maar die kinders van blanke vaders. Dit dui op grootskaalse seksuele omgang tussen blanke mans en Khoikhoivroue.[70] Teen die middel van die negentiende eeu het die sendelinge nog probleme gehad met jong boere wat in die nag na die sendingstasie gekom het en "hulle aan onsedelike gedrag skuldig gemaak het".[71] Voor 1800 het die meeste inwoners van Baviaanskloof nog die tradisionele Khoikhoikaros en velskort gebruik, maar skenkings van klere uit Europa het meegebring dat vanaf die negentiende eeu Westerse kleredrag algemeen voorgekom het.[72] Ook die woonhuisies en meubels het 'n hoofsaaklik Westerse karakter gehad.[73] Die sendelinge het ambagsopleiding bevorder met die oog daarop om die sendingstasie selfonderhoudend te maak. Hierby het die omliggende gemeenskap ook gebaat. Houtkappers, wadrywers

64 R Viljoen, "Moravian missionaries…, p. 60.

65 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal, 1738-1988* (Kaapstad, Perskor, 1988). Dit is die gepubliseerde weergawe van Balie se verhandeling "Die twee en 'n half eeu van Genadendal: 'n kultuur-historiese ondersoek" (MA, US, 1986). Die gepubliseerde werk bevat, anders as die verhandeling, geen voetnote nie, maar wel 'n bronnelys. Omdat die publikasie meer geredelik beskikbaar is as die manuskrip, word verwysings hier na eersgenoemde geskrif gedoen. Balie het ook 'n proefskrif getiteld "'n Kultuurhistoriese beeld van Kaapse Morawiese sendingstasies, 1808-1919" (Ph.D., US, 1992) gelewer, waarin veral oor die sendingstasies Mamre (Groenekloof), Enon en Elim gehandel word. Die werk kan, streng gesproke, nie as streeksgeskiedskrywing beskou word nie en word daarom nie in hierdie artikel bespreek nie.

66 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* pp. 10-11.

67 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 19.

68 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 29.

69 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 31.

70 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 40.

71 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 82.

72 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* pp. 41-42.

73 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 42.

en vroedvroue was veral in aanvraag in die Overberg.[74] Gedurende oestyd het baie inwoners van Genadendal op plase gaan werk, maar die koms van landboumasjinerie vanaf ongeveer 1870 het meegebring dat hierdie soort werk skaarser geword het.[75] Sommige inwoners is tot kerkwerkers en leraars opgelei.[76] Genadendal het uitgegroei tot 'n dorp waar teen die middel van die eeu veral bruin mense maar ook blankes ondernemings bedryf het.[77]

Die Drakensteinvallei

'n Hele aantal kundiges het bydraes gelewer tot 'n versamelwerk waarin 'n oorsig van die geskiedenis van die Drakensteinvallei (of Paarlvallei) oor 'n periode van drie eeue verskaf word.[78] Soos verwag kan word, word in hierdie boek geen deeglike ontleding van verhoudinge tussen verskillende groepe in 'n bepaalde periode gedoen nie. GC de Wet skryf dat die Paarlvallei geen permanente inwoners gehad het voor die eerste blanke koloniste hulle daar gevestig het nie. Khoikhoistamme wat in daardie tyd in die Wes-Kaap gewoon het, het die gebied net van tyd tot tyd as weiveld gebruik.[79] Daar was ook Sangroepe in die omgewing waarmee daar nog diep in die agtiende eeu botsings voorgekom het. In die periode 1685 tot 1699 is 120 plase aan vryburgers toegeken, en in 1700 het 360 vryburgers in die vallei gewoon. Hierdie mense het ook 'n aantal vrygestelde slawe of vryswartes ingesluit, hoewel hulle presiese getal nie vasgestel kan word nie.[80] Aanvanklik is persone wat in die diens van die VOC was, tydelik deur boere as werkers gehuur. Hulle aantal het waarskynlik afgeneem terwyl die getal slawe toegeneem het. Teen 1700 was daar 80 slawe: 70 mans, ses vroue en vier kinders.[81]

Die afdeling oor "kulturele interaksie in die Drakensteinvallei" deur WA de Klerk, is slegs op gepubliseerde werke gegrond en handel hoofsaaklik oor sosiale verhoudinge tussen blank en bruin.[82] Die verhouding tussen boere en

74 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* pp. 61, 70.
75 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p.102.
76 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 92.
77 I Balie, *Die geskiedenis van Genadendal…,* p. 101.
78 AG Oberholster & P. van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987.*
79 GC de Wet, "Vestiging in die Drakensteinvallei tot 1700", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987*, p. 13.
80 GC de Wet, "Vestiging in die Drakensteinvallei tot 1700", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987*, pp. 19-20.
81 GC de Wet, "Vestiging in die Drakensteinvallei tot 1700", AG Oberholster & P van Breda (reds.), p. 20.
82 WA de Klerk, "Kulturele interaksie in die Drakenstein", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987*, pp. 156-162.

werkers (aanvanklik veral slawe) op die plase kan volgens De Klerk as 'n feodale verhouding beskryf word, met die plaaseienaar as feodale heer, direk onder hom blanke knegte en bywoners en op die laagste vlak die bruin werkers. Die boer het die werkers van behuising en dikwels ook kos voorsien en hulle en hul families was heeltemal van hom afhanklik. Op die wyn- en vrugteplase het die werkers die besondere vaardighede aangeleer wat nodig is om die hierdie soort boerdery te bedryf. Ook die vroulike werkers het vaardighede verwerf om in die huise as kokke, oppassers van kinders, ensovoorts, te werk. Onder die vrygestelde slawe was die Kaapse Maleiers veral bekend vir hul werk as goed geskoolde ambagsmanne en hulle het 'n eie stempel op die Kaapse argitektuur geplaas. In Paarl het 'n aparte Maleierwoonbuurt tot stand gekom.[83]

Aanvanklik het die blanke koloniste en hul werkers saam kerkdienste bygewoon en skool gegaan.[84] P Coertzen verskaf verdere inligting oor sendingaktiwiteite. Hy meld onder meer dat in 1796 begin is met sendingwerk onder die Khoikhoi in die Wamakersvallei (Wellington) en dat in 1813 'n sendingkerkgebou skuins oorkant die (blanke) NG kerkgebou in Paarl opgerig is.[85] In 'n verdere hoofstuk word gehandel oor die verteenwoordiging van die Paarlvallei in die Kaapse parlement vanaf 1854. Daar was altyd 'n aantal bruin stemgeregtigdes in die Paarlomgewing; in 1909 het hulle byvoorbeeld 580 uit 'n totaal van 2390 uitgemaak. In 1892 was daar 'n beweging om steun te monster vir 'n bruin kandidaat vir die parlement, maar hy is nie verkies nie.[86]

Tulbagh

A Böeseken en M Cairns, beide outeurs van 'n hele aantal wetenskaplik historiese geskrifte, se studie oor die Tulbaghkom in die agtiende eeu[87] is hoofsaaklik gebaseer op dokumente in die Kaapse argiewe. Ongelukkig het hulle in groot mate slegs die inhoud van die dokumente weergegee en

83 WA de Klerk, "Kulturele interaksie in die Drakenstein", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987*, pp. 157, 161.

84 WA de Klerk, "Kulturele interaksie in die Drakenstein", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987*, p. 161.

85 P Coertzen, "Die godsdiensgeskiedenis van die Drakensteinvallei", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarvallei, 1687-1987*, p. 118.

86 P van Breda, "Politieke ontwikkeling sedert 1795", AG Oberholster & P van Breda (reds.), *Paarlvallei, 1687-1987,* p. 260.

87 A Böeseken, & M Cairns, *The secluded valley; Tulbagh; 't Land van Waveren, 1700-1804* (Cape Town, Perskor, 1989).

min verdere interpretasie gedoen. 'n Baie feitelike oorsig van die botsings tussen die boere en die Khoisangroepe word verskaf en daar word aangedui dat die Kompanjiesowerheid die vryburgers teen aanvalle van inheemse groepe beskerm het, maar tegelykertyd probeer verhoed het dat inboorlinge onregverdig deur burgers behandel word.[88]

Böeseken en Cairns beskryf die omstandighede op enkele plase, en dit blyk dat baie boere slawe gehad het, maar dat die aantal slawe per plaas deur die loop van die agtiende eeu telkens gewisel het.[89] In die periode na 1770 is kinders van gemengde slawe- en Khoikhoiherkoms in diens geneem.[90] Uit die gegewens oor kerklike werksaamhede, blyk dit dat daar in die agtiende eeu nog min sprake was van rasseskeidslyne. Baie kinders en ook volwassenes van gemengde afkoms is gedoop en het kerklidmate geword.[91]

Die Onder-Olifantsriviergebied

PL Scholtz behandel in sy proefskrif die ontwikkeling van die Onder-Olifantsriviergebied (wat later as die distrik Vanrhynsdorp bekend sou word) in 'n tydperk toe daar nog maar min sprake van dorpsontwikkeling in die streek was.[92] Hy het 'n groot aantal dokumente in die versamelings van die Kaapse staatsargief en die argief van die NG Kerk asook gepubliseerde reisbeskrywings gebruik. Scholtz gee 'n baie beknopte oorsig van die leefwyse van die inheemse Khoisangroepe wat in die streek voor die koms van die blankes gewoon het[93] en toon dan aan dat oorblyfsels van die Grigrikwastam, saam met nakomelinge van blankes en slawe, in die eerste dekades van die agtiende eeu uit die Onder-Olifantsriviergebied verhuis het.[94] Toe die blanke veeboere hulle vanaf ongeveer 1730 in die gebied gevestig het, was die streek dus grotendeels onbewoon.[95] Daar was nog wel Khoisangroepe in die nabye

88 A Böeseken, & M Cairns, *The secluded valley...,* pp. 25-35.
89 A Böeseken, & M Cairns, *The secluded valley...,* p. 72.
90 A Böeseken, & M Cairns, *The secluded valley...,* pp. 74-75.
91 A Böeseken, & M Cairns, *The secluded valley...,* pp. 78, 102.
92 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, pp. 1-213.
93 Volgens N Penn, *The forgotten frontier…*, p. 57, was daar in die vroeë agtiende eeu in die Olifantsriviervallei en omliggende gebiede Khoikhoi- en Sangroepe aanwesig en was dit moeilik om die groepe van mekaar te onderskei. Hy verwys daarom meesal na Khoisangroepe. Scholtz maak wel 'n onderskeid tussen Khoikhoi- en Sangroepe, of Hottentotte en Boesmans, soos hy hulle noem.
94 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, p. 27.
95 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, p. 30.

omgewing, met wie die boere in 1739 in 'n oorlog betrokke was. Die "ferme optrede van die kommando's en patrollies" het daartoe gelei dat etlike honderde Khoisan gedood is, waarna hulle uit die gebied verdwyn het.[96] Teen die einde van die agtiende eeu het daar sowat 150 blankes in die streek gewoon. In hierdie geïsoleerde gebied was die gevaar groot dat die boere sou "verbaster en verheiden", maar hy meen dat hulle sterk godsdienssin verhinder het dat dit gebeur.[97]

Daar het volgens Scholtz in die negentiende eeu bruin mense op plase in blanke besit gewoon,[98] maar oor hulle aantal en lewensomstandighede bied hy geen inligting nie. Hy gee 'n deeglike beskrywing van die ontwikkeling van die Ebenesersendingstasie. Dwardeur die negentiende eeu het die Khoikhoi wat daar gewoon het in baie armoedige omstandighede gelewe.[99] Hy verskaf ook inligting oor die sendingskool, waar hoofsaaklik net algemene onderrig en maar min ambagsopleiding plaasgevind het.[100] Scholtz kom tot die slotsom dat na 1830 "baie kleurlinge van die Onder-Olifantsrivier… kerklik en opvoedkundig selfs beter daaraan toe as die blankes" was. Die verhouding tussen die sendingstasie en die omliggende boeregemeenskap word egter nie bespreek nie. Hy dui aan dat tot diep in die negentiende eeu blank en bruin saam kerkdienste bygewoon en soms ook saam op skool was en maak dan die vreemde opmerking dat "die toepassing van die apartheidsgedagte… nie tot die verwaarlosing van die kleurling" gelei het nie.[101] Scholtz bespreek egter nie die totstandkoming van 'n kleurskeidslyn in die gebied nie.[102]

96 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, p. 40. Scholtz verwys na hierdie groepe as Boesmans, maar volgens N Penn, *The forgotten frontier...,* was dit nie net Sangroepe wat in die oorlog betrokke was nie. Penn se weergawe van die gebeure toon dat Scholtz vanuit 'n sterk blanke perspektief oor hierdie botsings skryf, terwyl Penn veral die redes vir die Khoisan se optrede en die gevolge wat die oorlog vir hulle gehad het, na vore bring.

97 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, p. 51.

98 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, p. 120

99 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, pp. 124, 126.

100 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, pp. 131-133.

101 PL Scholtz, "Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier, 1660-1902", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis,* 29(1), 1966, p. 135.

102 K Schoeman, dui in sy *Die moord op Hesje van der Merwe 19 Oktober 1837* (Calvinia, Die Hantam Huis, 1995) aan dat daar nie skerp rasseskeidslyne in die Hantamstreek gedurende die vroeë negentiende eeu aanwesig was nie en dit lyk waarskynlik dat die omstandighede in die nabygeleë Olifantsriviergebied nie baie anders was nie. Vergelyk ook Schoeman se beskrywing van die omstandighede in die Roggeveld, wat hieronder bespreek word.

Die Roggeveld

K Schoeman se boek oor Sutherland, die Roggeveld en die kinderjare van die digter NP van Wyk Louw bied, wat die eerste 140 bladsye daarvan betref, 'n redelik beknopte maar tog duidelike beeld van die ontwikkeling van hierdie landstreek vanaf die vroeë agtiende eeu tot ongeveer 1900.[103] Hy het slegs beperkte argiefnavorsing gedoen, maar ook baie goed van reisbeskrywings, dagboeke en gepubliseerde dokumente gebruik gemaak. Hy maak enkele opmerkings oor die leefwyse van de Khoisangroepe wat aanvanklik die gebied bewoon het en toon dan aan dat die eerste leningsplase in die Roggeveld in 1746 en die dekade daarna uitgereik is. Daar was dikwels botsings tussen die boere en inheemse bewoners. Verskeie kommando's is teen die Khoisan uitgestuur en talle van hulle is gedood; vroue en kinders is dikwels buitgemaak en het werkers op plase geword.[104] In die vroeë negentiende eeu het slegs enkele klein Khoisangroepies in die gebied oorgebly met wie die boere, onder invloed van die Britse bestuur aan die Kaap, 'n ooreenkoms aangegaan het en vee verskaf het mits hulle hul van verdere diefstal weerhou.[105]

Schoeman skryf dat die eerste blanke inwoners van die Roggeveld hoofsaaklik met skape geboer en 'n feitlik selfonderhoudende bestaan gevoer het. Tot in die negentiende eeu het boere soms nog blanke knegte gehad, maar die meeste plaasarbeiders was slawe, "mak Boesmans" en veral Khoikhoi.[106] Blank en gekleurd was in groot mate op mekaar aangewese en van die Khokhoi in blanke diens het ook aan oorloë met Khoisangroepe deelgeneem. In die agtiende eeu het sommige blanke mans ook Khoivroue of -bywywe gehad.[107] Omdat baie van die Khoikhoi, deur dwang of omdat hul geen ander heenkome gehad het nie, onder die gesag van blanke boere gekom het, was daar ook dikwels spanning en konflik tussen boere en hul werkers; Schoeman beskryf kortliks enkele opgetekende gevalle van geweld.[108] Voortvlugtige misdadigers en gedroste soldate en matrose van die Kaap, maar ook klein groepies Xhosas, wat uit hul tradisionele woongebiede verdryf is, het in die laat agtiende en vroeë negentiende eeue na die Roggeveld uitgewyk en soms by die boere in

103 K Schoeman, *Die wêreld van die digter; 'n boek oor Sutherland en die Roggeveld ter ere van N P van Wyk Louw* (Kaapstad, Human & Rousseau, 1986).

104 Die verhouding tussen die koloniste en die Khoisangroepe in die Roggeveld gedurende die agtiende eeu word volledige behandel deur N Penn, *The forgotten frontier,* veral pp. 91-107, 224-236.

105 K Schoeman, *Die wêreld van die digter…,* p. 21.

106 K Schoeman, *Die wêreld van die digter…,* pp. 53-55.

107 K Schoeman, *Die wêreld van die digter…,* p. 55.

108 K Schoeman, *Die wêreld van die digter…,* pp. 55,56.

diens getree.[109]

Terwyl die Roggeveld tot in die vroeë negentiende eeu 'n voorpos van blanke vestiging was, het verdere uitbreiding van die kolonie daartoe gelei dat dit al meer deur ander gebiede wat deur blanke koloniste bewoon is omring is. Volgens die sensus van 1891 was daar toe 1963 blankes en 1639 bruin mense in die distrik.[110] Laasgenoemde groep het waarskynlik hoofsaaklik plaaswerkers en hul gesinne ingesluit. Vroeër in die eeu was daar in die Roggeveld 'n hele aantal "basters" (kinders van blanke boere by Khoisan- of slawevroue) wat 'n onafhanklike bestaan gevoer, grond besit en 'n grotendeels Westerse lewenstyl gevoer het, maar wat onder druk van die blanke bevolking, wat hulle nie goedgesind was nie, met verloop van tyd na ander gebiede uitgewyk het. Bruin mense en blankes het tot diep in die eeu dieselfde kerke en skole gebruik. Schoeman is van mening dat dit veral die invoed van "wellewendheidsideale van die Victoriaanse Engeland" was wat tot groter verfyndheid onder die blankes gelei het, maar daarmee is "latente vooroordele en angste van die Blankes ten opsigte van kleurverskille… toenemend tot uiting gebring en versterk". Dit het tot die houding van die blanke bevolking gelei dat die bruin mense wat kerk en skool betref van die blankes geskei moet word.[111] Op Sutherland het die bruin mense hoofsaaklik in 'n aparte woonbuurt gewoon. Die oorgrote meerderheid bruin mense in die distrik was teen die einde van die eeu nog ongeletterd (teenoor sowat 40% ongeletterdheid onder die blankes).[112] Op plase in die distrik het hulle 'n armoedige bestaan gevoer, en Schoeman gee in hierdie verband 'n insiggewende beskrywing van omstandighede op die plaas Gunsfontein. Hy kom tot die gevolgtrekking dat die bruin mense van die Roggeveld in die laat negentiende eeu deur die blankes slegs as knegte en ondergeskiktes geduld is en op die rand van die blank gedomineerde samelewing geleef het.[113]

Oudtshoorn

Die proefskrif van A Appel[114] berus veral op 'n uitgebreide studie van

109 K Schoeman, *Die wêreld van die digter*…, pp. 56-58.
110 K Schoeman, *Die wêreld van die digter*…, p. 84.
111 K Schoeman, *Die wêreld van die digter* ..., p. 88.
112 K Schoeman, *Die wêreld van die digter*…, pp. 81, 89.
113 K Schoeman, *Die wêreld van die digter*…, p. 90.
114 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-ekonomiese studie", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988.

dokumente in die Kaapstadse argiefbewaarplek en van verskeie kerklike argiewe. Volgens Appel is daar min bekend oor die Khoikhoistamme wat aan die begin van die agtiende eeu in Kannaland (die latere Oudtshoorn-distrik) woonagtig was. Botsings met San- en Xhosagroepe het tot groot ontwrigting gelei en teen die helfte van die eeu was hulle in 'n verarmde en verstrooide toestand. Veeboere het teen hierdie tyd die gebied binnegedring. Gedurende die agtiende eeu het die meeste boere egter net 'n paar jaar op dieselfde plaas gebly en dan weer weggetrek. Hy beraam dat daar teen 1816 1500 blanke boere en hul gesinne in die streek woonagtig was.[115] Die meeste boere het Khoikhoiwerkers gebruik, en teen 1816 was daar gemiddeld waarskynlik sowat tien op elke plaas. Klein Khoikhoigroepe het teen daardie tyd nog buite die plase gewoon.[116] Die meeste boere het ook slawe gehad, maar Appel bereken dat daar teen 1816 slegs 675 slawe in die gebied was, wat 'n gemiddeld van drie slawe per plaas gee.[117] Gedurende die periode tot ongeveer 1850 het die Khokihoi hul oorspronklike leefwyse en kultuur grotendeels verloor en is, soos Appel dit stel, "die omvorming van ontstamde Khoikhoi tot Agterbergse Kleurling" voltrek.[118] Dit het gepaard gegaan met bloedvermenging tussen Khoikhoi, slawe en blankes, maar Appel kon nie voldoende gegewens vind om die omvang van hierdie vermenging te bepaal nie.[119]

Teen die einde van die eeu het blankes en bruin mense albei ongeveer die helfte van die bevolking van ongeveer 24 000 uitgemaak. Die swart mense het 'n klein minderheidsgroep gebly. 'n Groot deel van die blankes en die bruin mense het teen die einde van die eeu van die plase na die dorpe Oudtshoorn en Calitzdorp verhuis. Hulle leefwyse is hierdeur waarskynlik ingrypend beïnvloed. Hieroor wei Appel nie uit nie.

Persone van gemengde herkoms is in die eerste helfte van die negentiende eeu as lidmate van die NG Kerk aanvaar, maar dit het volgens Appel net in uitsonderlike gevalle gebeur.[120] In 1820 is begin met aanvoorwerk vir die stigting van 'n sendingstasie van die Londense Sendinggenootskap by Dysselskraal (later bekend as Dysselsdorp), en teen 1843 was sowat 1500 persone betrokke by die godsdienstige aktiwiteite wat daar plaasgevind het.[121]

115 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, pp. 29, 80.
116 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, pp. 33, 34, 83.
117 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, pp. 34, 80.
118 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 85.
119 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 85.
120 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 125.
121 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 128.

Eiendomsreg is aan die inwoners van Dysselsdorp toegeken en 'n dorpsraad het in 1892 daar tot stand gekom. [122] Appel behandel die geskiedenis van die sendingstasie net in twee afdelings van hoofstukke oor kerklike sake en gee nie veel aandag aan die plek wat wat dit in die breër ontwikkeling van die bruin mense van die streek gehad nie. Ook die verhouding tussen die inwoners van die sendingstasie en die boere word nie bespreek nie.

Gedurende die agtiende eeu was onderwystoestande baie swak. In 1858 is met owerheidsteun 'n skool op Oudtshoorn opgerig waar 'n honderd kinders onderrig is, hoofsaaklik blankes maar onder meer ook enkele kinders van vrygestelde slawe.[123] Daarna is verskeie ander skole in die dorp en die distrik gestig, waaronder sendingskole, wat by geleentheid ook deur blanke kinders bygewoon is. Aan laasgenoemde skole het hoofsaaklik slegs elementêre onderrig plaasgevind.[124] Die geletterdheidspeil het hierdeur geleidelik verhoog, hoewel teen 1891 39 % van die blankes en 91% van die bruin mense in die distrik nog ongeletterd was.[125]

Appel dui aan dat daar in die laat negentiende eeu 'n goed ontwikkelde verenigingslewe op Oudtshoorn was. Daar was onder meer debats- en musiekverenigings en verskeie sportklubs. Hoewel hy dit nie eksplisiet stel nie, kan uit sy oorsig afgelei word dat dit hoofsaaklik die blanke inwoners was wat by die verenigings betrokke was.

Die Langkloof

JJ Swiegers het vir sy verhandeling[126] navorsing gedoen in die Kaapstadse staatsargief en die argief van die N.G. Kerk en en ook reisbeskrywings gebruik. Hy toon aan dat die Khoikhoi en die San in die Langkloof aanwesig was voor die eerste veeboere hulle daar omstreeks 1760 gevestig het. Daar was slegs klein groepies Khoikhoi, oorblyfsels van verskillende stamme, wat ook deur die San bedreig is en wat min weerstand teen die blankes gebied het. Die meeste van hulle het in die loop van die eeu plaaswerkers geword, maar 'n minderheid het nog as aparte groepies volgens stamgewoontes gelewe.[127]

122 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 231.
123 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 247.
124 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, pp. 278-283.
125 A Appel, "Die distrik Oudtshoorn…", *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis*, 51(2), 1988, p. 288.
126 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof tot 1795" (M.A., US, 1994).
127 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", pp. 41, 154.

Die feit dat die Khoikhoi nie verenig teen die boere opgetree nie, het dit vir laasgenoemdes moontlik gemaak om hul baasskap oor die Khoikhoi te vestig. Hulle het arbeiders nodig gehad en dit was te duur om meer slawe aan te skaf.[128] Botsings tussen die San en die boere het daartoe gelei dat die San in groot getalle doodgeskiet is, hoewel daar teen die einde van die eeu nog San in die Langkloof woonagtig was.[129] Daar het tot 1795 nie meer as 95 blanke persone in die Langkloof gewoon nie.[130] Alhoewel sommige van die blanke gesinne enkele slawe- (en moontlik Khoi-) voorouers gehad het, was daar volgens Swiegers gedurende die agtiende eeu net een opgetekende geval van bloedvermenging tussen 'n blanke en 'n Khoikhoi in die Langkloof.[131] In 'n hoofstuk oor rasseverhoudinge toon Swiegers aan dat sommige boere ook slawe gehad het, maar dat die aantal nie presies vasgestel kan word nie.[132] Wat betref die Khoikhoiwerkers skryf Swiegers dat die boere hulle gesien het as heidene en dat 'n beskouing onder hulle ontwikkel het dat dit die lotsbestemming van die inboorlinge is om sulke werk te doen. By die boere het 'n afkeer ontstaan om self hande-arbeid te verrig.[133] Sommige boere het hul werkers swak behandel en hy meld 'n geval waar 'n boer 'n Khoikhoi-arbeider so mishandel het dat hy gesterf het.[134]

Uitenhage en Bethelsdorp

'n Resente werk oor die dorp Uitenhage gee aandag aan die geskiedenis van al die bevolkingsgroepe, maar dit is 'n baie feitelike oorsig waarin die verhoudinge tussen die groepe nie werklik bespreek word nie.[135] Boonop word die tydperk voor 1900 maar baie kortliks behandel. Dit blyk dat dwarsdeur die negentiende eeu sowat die helfte van die dorp se inwoners blankes was.[136] Hulle was teen 1870 grotendeels Engelssprekend.[137] In 1831 het die Khoikhoi byna die helfte van die bevolking van die destydse Uitenhagedistrik uitgemaak, maar in 1911 was minder as 'n kwart van die dorpsinwoners

128 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof …", p. 203.
129 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", p. 150.
130 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", p. 99.
131 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", p. 204.
132 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", p. 152.
133 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", pp. 156, 202.
134 JJ Swiegers, "Die geskiedenis van die Langkloof… ", p. 157.
135 O Terblanche (ed), *Uitenhage 200, 1804-2004* (Uitenhage, Bicentenary Committee, 2004). Die werk bevat nie voetnote of 'n bronnelys nie, maar dit is duidelik dat dit wel op 'n studie van oorspronklike bronne gegrond is.
136 O Terblanche, *Uitenhage 200…,* pp. 17, 121. Die skrywers van die hoofstukke word in die meeste gevalle nie aangedui nie.
137 O Terblanche, *Uitenhage 200…,* p. 20.

bruin mense.[138] Daar was van die begin af ook 'n aantal Kaapse Maleiers in die dorp woonagtig.[139] Verskillende rasse- en etniese groepe het saam in die dorp gewoon, hoewel Xhosasprekende swart mense, wat in die loop van die negentiende eeu na Uitenhage verhuis het, vanaf 1844 in aparte lokasies gehuisves is.[140] Dit wil voorkom of daar min sprake was van rasseskeiding in die verskillende kerklike denominasies wat gedurende die negentiende eeu in Uitenhage en omgewing bestaan het.[141]

In bogenoemde boek word daar dikwels verwys na die nabygeleë sendingstasie Bethelsdorp. Hierbenewens het twee studies oor die geskiedenis van Bethelsdorp verskyn.[142] Albei is op deeglike argiefnavorsing gebaseer. AJF Meijers toon aan dat die eerste sendeling, JT van der Kemp, in die beginjare (vanaf 1803) nie gepoog het om die Khoikhoi op die sendingstasie op te lei in, byvoorbeeld, die aanleg van tuine en handwerk nie. Onder leiding van latere sendelinge is daar wel landbou beoefen, hoewel die landboubedrywighede nooit baie suksesvol was nie.[143] Tog kon Bethelsdorp homself teen 1814 self onderhou en was daar toe twee skole en 'n tehuis vir armes op die sendingstasie.[144] In die skole is gepoog om die Khoikhoi te leer lees en teen 1829 was tweehonderd inwoners sover gevorder dat hulle die Bybel kon lees.[145] Na 1820 is Nederlands met Engels as voertaal in die skool vervang.[146] Soos op Genadendal het kontak met die omliggende boere gelei tot prostitusie. Verder was dronkenskap 'n groot probleem.[147] Sommige Khoikhoi het soldate vir die koloniale owerheid geword en ander het by blanke boere in diens getree.[148]Van die inwoners het vakleerlinge vir skoenmakers, kleremakers, ensovoorts, op omliggende dorpe geword en is so opgelei om ambagte te beoefen.[149] Die koms van die Britse setlaars in 1820 het 'n belangrike bydrae gelewer om werkgeleenthede te skep en die sendingstasie ekonomies meer lewenskragtig te maak.[150] Meijers meen tog dat faktore soos die oorbevolking van die sendingstasie en 'n gebrek aan mense wat die inwoners vir die landbou en die ambagte kon oplei daartoe gelei

138 O Terblanche, *Uitenhage 200…,* pp. 17, 121.
139 O Terblanche, *Uitenhage 200…,* pp. 20, 60.
140 O Terblanche, *Uitenhage 200…,* p. 121.
141 Vergelyk O Terblanche, *Uitenhage 200…,* pp. 39, 43.
142 AJ F Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830" (M.A., UPE, 1972); A. Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945: van sendingstasie tot stadsperiferie* (Port Elizabeth, UPE, 1994).
143 AJ F Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", pp. 69, 75, 114, 115, 116.
144 AJ F Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 80.
145 AJ F Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", pp. 95, 106, 112.
146 AJ F Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 111.
147 AJ F Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", pp. 102, 103.
148 AJF Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 119.
149 AJF Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 121.
150 AJF Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 122.

het dat op Bethelsdorp nie die sukses behaal is wat op Genadendal en ander Morawiese sendingstasies die geval was nie.[151] Hy skryf ook dat die sendelinge Khoikhoi wat vanaf plase na die sendingstasie uitgewyk het, se klagtes van mishandeling te maklik geglo het en hulle dan in hul beskerming geneem het; hiermee het hulle die "mooi verhouding tussen baas en bediende" op die omliggende plase versteur.[152] Hy verskaf egter nie veel gegewens om hierdie gevolgtrekking te staaf nie. Meijers spreek ook sy twyfel daaroor uit of die Khoikhoi van Bethelsdorp goed verstaan het wat die Christendom behels het en of daar werklike bekerings plaasgevind het.[153]

Die grootste deel van Appel se werk handel oor ontwikkelinge na 1900, en wat die negentiende eeu betref, wil hy veral aantoon dat die bekende Ordonnansie 50 van 1828 aanvanklik geen belangrike veranderinge in die ontwikkeling van Bethelsdorp meegebring het nie.[154] Soos in sy werk oor Oudtshoorn verskaf hy insiggewende statistiese gegewens. Hy dui aan dat die bevolking tot aan die einde van die negentiende eeu feitlik konstant gebly het.[155] Die beperkte bestaansmoontlikhede op Bethelsdorp het daartoe gelei dat daar steeds verhuising na die omliggende gebiede plaasgevind het waar daar beter werksgeleenthede was.[156] As gevolg van wetgewing deur die Kaapse koloniale regering in 1873 kon inwoners hul eie grond besit en het 'n eie dorpsbestuur tot stand gekom.[157] Hoewel veebesit belangrik gebly het, is die vroeër nomadiese Khoikhoi geleidelik omvorm tot gevestigde landbouers, loonarbeiders en klein ondernemers.[158] Die inwoners het teen die einde van die eeu hoofsaaklik in strukture wat bestaan het uit hout en sinkplate gewoon.[159] Swak skoolbywoning het veral daartoe gelei dat in die negentiende eeu nie baie vordering met skoolopleiding gemaak is nie; steeds is net elementêre onderwys verskaf.[160]

151 AJF Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 134.
152 AJF Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 153. Sy beskouing van die sendelinge se optrede verskil heelwat van dié van E Elbourne, *Blood ground…*
153 AJF Meijers, "Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830", p. 176. Appel lewer kritiek op die "Eurosentriese perspektief" van waaruit Meijers die ontwikkelinge op Bethelsdorp beoordeel. Sien A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945…,* p. 3.
154 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945…,* p. 3.
155 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945…,* p. 24.
156 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945…,* p. 25.
157 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945…,* pp. 52, 55.
158 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945…,* pp. 73, 75, 79.
159 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945,…* pp. 193-195.
160 A Appel, *Bethelsdorp, 1828-1945, …*pp. 164, 166.

Graaff-Reinet[161]

KW Smith se studie[162] is veral gebaseer op amptelike dokumente, maar hy het ook van reisbeskrywings en briewe gebruik gemaak. Hy sien die geskiedenis van die Graaff-Reinet-distrik veral as die geskiedenis van verhoudinge tussen individue, groepe en owerhede.[163] Toe die distrik Graaff-Reinet in 1786 geproklameer is, het dit die hele gebied tussen die Gamtoos- en Visriviere ingesluit, dus byna die helfte van die destydse Kaapkolonie. In die loop van die negentiende eeu het die distrik al verder ingekrimp. Smith het in sy proefskrif die geskiedenis van die steeds kleiner wordende distrik behandel. Wat die eerste jare betref, handel sy studie dus eintlik oor die geskiedenis van Oos-Kaapland en word aandag aan sake gegee wat reeds in ander historiese werke behandel is. Teen 1837 het die distrik 'n heelwat kleiner gebied beslaan wat, soos Smith dit stel, 'n deel van die Oos-Kaapse middellande uitgemaak het.[164] As 'n studie oor streeksgeskiedenis is die werk dus veral van belang wat betref die tydperk 1837 tot 1910.

Terwyl daar in die laat agtiende eeu nog heelwat botsinge tussen die blanke boere en Khoisangroepe voorgekom het, was daar beter verhoudinge vanaf ongeveer 1800 en het die meeste Khoisan werkers op plase onder blanke beheer geword.[165] In die loop van die negentiende eeu het die aantal Xhosasprekende arbeiders op die plase en in die dorp steeds toegeneem. In 1911 was die aantal swart mense in die distrik ongeveer 5000, teenoor 7000 bruin mense en 7400 blankes.[166] Daar was ook 'n hele aantal arm blankes wat nie hul eie grond besit het nie. Die meeste van hulle het 'n bestaan in die dorp probeer maak, maar daar was ook blanke bywoners en enkele huisbediendes op die plase. Die meeste arm blankes het ten alle koste probeer om nie gewone handearbeiders te word nie en dit het daartoe bygedra dat hulle hoofsaaklik apart gebly het van die arm bruin bevolking.[167]

---

161 Daar het verskeie studies oor die geskiedenis van Graaff-Reinet verskyn. GC Henning, *Graaff-Reinet; a cultural history, 1786-1886* (Cape Town, Bulpin, 1975) en A de V Minnaar, *Graaff-Reinet, 1786-1986* (Pretoria, HSRC, 1987) gee baie min aandag aan die verhoudinge tussen die verskillende bevolkingsgroepe. Die ongepubliseerde skripsie van S Dubow, "Land, labour and merchant-capital in the pre-industrial rural economy of the Cape; the experience of the Graaff-Reinet district, 1852-1872" (Hons BA, UCT, 1981) is net beskikbaar by die Universiteit van Kaapstad en kon ongelukkig nie ter insae verkry word nie.

162 KW Smith, *From frontier to midlands; a history of the Graaff-Reinet district, 1786-1910* (Grahamstown, Rhodes University, 1976).

163 KW Smith, *From frontier to midlands…*, p. xvii.

164 KW Smith, *From frontier to midlands…*, p. 46.

165 KW Smith, *From frontier to midlands…*, pp. 185, 186.

166 KW Smith, *From frontier to midlands…*, p. 188.

167 KW Smith, *From frontier to midlands…*, p. 189.

Hoewel die boere oor die algemeen nie groot probleme gehad het om arbeiders te bekom nie, het hulle tog van tyd tot tyd 'n tekort aan arbeid ondervind. Bruin mense het, veral in die periode na 1875, na die dorp verhuis weens die beter onderwysgeleenthede en groter moontlikhede vir sosiale verkeer.[168] Op grond in die distrik wat aan die regering behoort het, het daar, veral tot in die 1870s, plakkers, meesal bruin mense, maar soms ook blankes, gewoon; dit het daartoe gelei dat die koloniale regering die meeste van hierdie grond verkoop of verhuur het.[169] Plaaswerkers het aanvanklik hul loon hoofsaaklik in die vorm van goedere, veral skape, bokke en klere, ontvang, maar teen die einde van die eeu is die werkers in die distrik en op die dorp 'n loon in die vorm van geld betaal. Hierbenewens het plaaswerkers ook die reg gehad om hul vee op plase te laat wei.[170] In die dorp was daar oor die algemeen geen verskil in die lone wat blank en bruin vir soortgelyke werk ontvang het nie.[171]

Volgens Smith was daar op die plase 'n skerp skeiding tussen meesters en werkers, wat hoofsaaklik saamgeval het met 'n rasseskeiding, maar in die dorp was die verhouding tussen meesters en ondergeskiktes meer gekompliseerd. Daar was bruin mense, veral vakmanne, wat hul eie ondernemings gehad het, terwyl blankes soms as winkelbediendes en klerke gewerk het.[172] Op Graaff-Reinet het sommige bruin mense hul eie erwe besit, maar ook dikwels in gehuurde kamers op erwe gewoon.[173]

Smith gee heelwat aandag aan politieke ontwikkelinge. Hoewel daar geen rassekwalifikasies ten opsigte van stemreg vir lede van die parlement, die afdelingsraad en die stadsraad gegeld het nie, was die bruin kiesers steeds 'n heelwat kleiner groep as die blanke stemgeregtigdes, ten spyte van pogings deur politiek bewuste bruin mense om meer bruin kiesers geregistreer te kry. Veral in plaaslike verkiesings het hulle stemme soms wel 'n deurslaggewende rol gespeel.[174]

Colesberg

T Gutsche, wat 'n doktorsgraad in sosiale geskiedenis verwerf het, is die

168 KW Smith, *From frontier to midlands…*,p. 193.
169 KW Smith, *From frontier to midlands…*,pp. 199, 200.
170 KW Smith, *From frontier to midlands…*,pp. 212, 213.
171 KW Smith, *From frontier to midlands…*,p. 243.
172 KW Smith, *From frontier to midlands…*,p. 218.
173 KW Smith, *From frontier to midlands…*,p. 219.
174 KW Smith, *From frontier to midlands…*,p. 241.

outeur van 'n aantal werke van 'n hoofsaaklik populêr-historiese aard. *The microcosm* handel oor die Cis-Gariep, of Toverberg, wat later die distrik Colesberg sou word, in die periode van ongeveer 1775 tot 1900 en is ook in populêre trant geskryf.[175] Sy gebruik nie voetnote nie, maar die boek is tog gebaseer op 'n groot aantal brone wat in 'n slotafdeling vermeld word. Sy het veral baie van reisverslae, dagboeke en briewe gebruik gemaak.

Gutsche identifiseer die San en die Khoikhoi as die vroegste inwoners van die streek. Daar was voortdurend botsings tussen die San en die veeboere wat hulle in hierdie gebied gewaag het. Gutsche beskryf aan die hand 'n verslag deur veldkorporaal Adriaan van Jaarsveld hoe 'n boerekommando in 1775 op die San jag gemaak het soos op wilde diere en talle gedood het.[176] Aanvanklik het slegs enkele boere hulle dan ook in hierdie streek gevestig. Wanneer die San 'n tekort aan kos gehad het, het hulle soms met die boere onderhandel en hul kinders aan hulle oorhandig "confident that they would be safe and well maintained, perhaps absconding later".[177] By hierdie kinders het sommige boere geleer om die San se taal te praat en verskeie San het werkers op plase geword. Die San was oor die algemeen betroubare plaaswerkers wat soms in beheer van 'n plaas gelaat is as die boer op soek na weiveld met sy vee na ander gebiede getrek het.[178] Die San is in hul jaggebied egter nie net deur die boere nie, maar ook deur Khoikhoi, "basters" en Bantoesprekende groepe bedreig en dit het tot verdere aanvalle van die San op veeplase gelei. Tot in die 1860s was daar nog San in die streek wat veral ten tye van droogtes skape en perde op die plase gesteel het. Daarna het hulle as aparte groep uit die distrik verdwyn.[179]

Oor die Khoikhoi word nie veel vermeld nie. Dit blyk dat daar vroeg reeds Khoikhoi op plase en ook in hutte op die rand van die dorp gewoon het het.[180] Hulle is onder meer deur sendelinge van die Londense Sendinggenootskap bearbei en en het soms kerkdienste saam met die blanke dorpsinwoners bygewoon.[181] In verskeie reis- en ander verslae word gemeld dat dronkenskap dikwels onder die plaaslike bruin bevolking voorgekom het, hoewel daar ook soms aangedui word dat blanke inwoners hulle aan hierdie euwel skuldig

175 T Gutsche, *The microcosm* (Cape Town, Timmins, 1968).
176 T Gutsche, *The microcosm,* pp. 10, 11.
177 T Gutsche, *The microcosm,* p. 19.
178 T Gutsche, *The microcosm,* p. 44.
179 T Gutsche, *The microcosm,* pp. 131, 145, 190.
180 T Gutsche, *The microcosm,* pp. 78, 84.
181 T Gutsche, *The microcosm,* p. 75.

gemaak het.[182] Die getal Khoikhoi en bruin mense in die distrik het na ongeveer 1850 'n dalende neiging getoon; volgens sensusopnames het die getalle van 1855 tot 1865 van 4400 tot 3700 gedaal.[183] Daarenteen het al meer swart mense (waarskynlik Xhosa- sowel as Sothosprekendes) hulle in die distrik gevestig en teen 1865 meer as 5000 getel.[184] Daar was toe ongeveer 7000 blankes in die streek.[185] Die ontdekking van diamante het egter gelei tot 'n uittog van blankes na die diamantvelde in die 1870s.[186] Gutsche skryf onderhoudend oor die sosiale lewe van die hoofsaaklik Engelssprekende blanke inwoners van Colesberg, maar oor hul verhouding met die bruin mense maak sy nie veel meer as terloopse opmerkings nie.

Gevolgtrekkings

Dit blyk dat nie een van die sewentien studies wat in die vorige afdeling bekyk is 'n geheelbeeld verskaf waarin al die belangrike aspekte rakende die verhoudinge tussen koloniseerders en inboorlinge voldoende aandag ontvang nie. Dit is duidelik dat die skrywers almal uitgebreide navorsing gedoen het. Vyf van die werke is dan ook doktorsproefskrifte en vier magisterverhandelings. Slegs ses outeurs, Dooling, Scully, Viljoen, Schoeman, Swiegers en Smith, beskou die verhouding tussen die verskillende groepe egter as 'n hooftema in hul geskiedskrywing. Die feit dat Smith byvoorbeeld heelwat inligting oor die sosiaal-ekonomiese verhouding tussen die boere en hul bruin werkers verskaf, dui daarop dat 'n gebrek aan bronne nie die hoofrede kan wees waarom die meeste ander historici min aandag aan hierdie aspek gee nie.

As die bronne wat die verskillende skrywers gebruik het vergelyk word, blyk dit dat in geen geval alle bronne wat van belang behoort te wees ten volle benut is nie. Terwyl navorsers soos Scholtz en Appel 'n deeglike studie van amptelike bronne gedoen het, het hulle min gebruik gemaak van dagboeke en briewe. Gutsche en Schoeman se werke toon dat waardevolle inligting in hierdie bronne te vinde is. Slegs Appel en Biewenga het heelwat statistiese verwerking van gegewens gedoen en belangrike afleidings daaruit gemaak. Oor feitlik al die streke waaroor daar in die sewentien studies gehandel word, kan meer navorsing waarskynlik lei tot 'n vollediger behandeling van die

182 T Gutsche, *The microcosm,* pp. 78, 84, 105, 116.
183 T Gutsche, *The microcosm,* p. 145.
184 T Gutsche, *The microcosm,* pp. 145, 190.
185 T Gutsche, *The microcosm,* p. 145.
186 T Gutsche, *The microcosm,* pp. 169, 186.

verskillende aspekte.

Daar kom tog belangrike historiese gegewens uit die studies na vore wat nie geredelik in ander wetenskaplike werke te vinde is nie. Dit blyk byvoorbeeld dat in geen van die streke wat ondersoek is die blanke koloniseerders 'n klein minderheid was nie, maar aan die ander kant was hulle in geen van die gebiede 'n oorweldigende meerderheid nie. Teen die einde van die negentiende eeu was daar in die distrikte Graaff-Reinet, Sutherland en Oudtshoorn ongeveer ewe veel blankes as bruin mense. In die distrik Colesberg en ook in Uitenhage (waar, soos in Colesberg en Graaff-Reinet, teen daardie tyd ook 'n hele aantal swart mense gewoon het) het die getal bruin mense blykbaar verminder en was hulle in albei gevalle teen 1900 slegs die helfte so groot as die blanke bevolkingsgroep. Geen van die skrywers verskaf inligting oor geboorte- en sterftesyfers of gesinsgroottes van die onderskeie groepe nie. Slegs indien sulke gegewens beskikbaar is, kan byvoorbeeld bepaal word of die aanwassyfer onder die verskillende groepe in die grootste deel van die Kaapkolonie ongeveer dieselfde was en of daar distrikte was wat afgewyk het van die algemene patroon. Oor migrasie van blankes en bruin mense in en uit die verskillende streke word ook min inligting verskaf. Slegs Schoeman verwys na gedroste matrose, misdadigers, ensovoorts, wat in die agtiende en vroeë negentiende na die Roggeveld uitgewyk het, sonder om 'n idee te gee van die getal mense wat hierby betrokke was, terwyl Gutsche daarop wys dat die blanke bevolking van die distrik Colesberg verminder het ná die ontdekking van diamante, ook sonder om spesifieke getalle te noem. Dit blyk dat oor demografiese ontwikkelinge in die Kaapkolonie nog min navorsing gedoen is.

Oor die sosiaal-ekonomiese verhoudinge tussen boere en werkers op die plase verskaf die sewentien studies ongelukkig ook baie min inligting. Soos Biewenga, De Wet en Schoeman aandui, was die boere aanvanklik nie almal blankes en die werkers nie almal slawe of Khoikhoi nie. Wat betref die sosiale verhoudinge tussen die slawe en die Khoikhoiwerkers, wat in verskeie distrikte tot in die vroeë negentiende eeu saam op die plase gewerk het, is daar feitlik geen gegewens nie. Die studie van Smith bied die meeste besonderhede oor die ekonomiese verhoudinge tussen die blanke boere en die bruin werkers op die plase gedurende die negentiende eeu, altans wat die Graaff-Reinet-distrik betref. Scully maak enkele opmerkings oor die bestaan van 'n paternalistiese stelsel in die Stellenbosch-distrik. WA de Klerk se beskrywing van "feodale" verhoudinge in die Drakensteinvallei toon bepaalde ooreenkomste met Scully se beskouing. Dooling, Schoeman en Swiegers vermeld gevalle van geweld

waarby boere en werkers betrokke was. 'n Deeglike studie van die argiewe van die magistraatskantore kan help om vas te stel hoe wyd sulke misdade in die verskillende streke voorgekom het en in hoeverre die regstelsel die boere of die werkers bevoordeel of benadeel het.[187] Soos in vorige afdelings aangedui, beskou sommige resente historici dwang as 'n belangrike kenmerk van die verhouding tussen boere en werkers. Daar is egter nog veel meer navorsing nodig om 'n duidelike beeld van hierdie verhoudinge in al die streke van die Kaapkolonie te vorm.

Dit blyk dat in al die streke dorpsentrums tot stand gekom het, hoewel die stigting van die dorp Stellenbosch al voor 1700 plaasgevind het, terwyl daar in die Onder-Olifantsriviergebied nog tot laat in die negentiende eeu nie veel sprake was van dorspontwikkeling nie. Smith en Appel skryf dat in die loop van die negentiende eeu al meer bruin mense van die plase na die dorpe in die betrokke distrikte getrek het. Ander skrywers gaan nie op hierdie saak in nie. Smith toon aan dat die sosiale en ekonomiese verhoudinge tussen blankes en bruin mense op die dorpe in baie opsigte anders was as op die plase en nie noodwendig saamgeval het met 'n meester-knegverhouding nie. Dit blyk uit sy studie dat, terwyl die boere oor die algemeen meer welvarend was as die werkers (hoewel daar ook onder blanke boere en bywoners armoede voorgekom het), die verskille tussen ryk en arm in die dorpe nie in so 'n groot mate met rasseverskille saamgeval het as op die plase nie. Schoeman skryf tog dat die bruin mense op 'n dorp soos Sutherland in aparte woonbuurte gewoon en op die rand van die samelewing geleef het. Dit is jammer dat die ander skrywers baie min aandag aan tussengroepsverhoudinge op die dorpe gee. Verskeie outeurs wys daarop dat bruin mense in die Kaapkolonie vanaf die middel van die negentiende eeu stemreg in verkiesings vir plaaslike owerhede en die koloniale parlement gehad het, maar blankes het blykbaar deurgaans die leiding in plaaslike besture geneem. Oor hierdie en verwante vraagstukke, soos of plaaswerkers deur boere beïnvloed is om vir bepaalde kandidate te stem,[188] kan waarskynlik nog meer navorsing gedoen word.

187 HF Heese, *Reg en onreg; Kaapse regspraak in die agtiende eeu* (Bellville, Universiteit van Wes-Kaapland, 1994), bied 'n insiggewende oorsig van misdade wat in die agtiende eeu in die Kaapkolonie voorgekom het. Heese fokus nie direk op die verband tussen intergroepsverhoudinge en misdaad nie en gaan ook nie in op moontlike verskille tussen streke nie.

188 Oor hierdie kwessie word onder meer gehandel in S Trapido, "'The friends of the natives': merchants, peasants and the political and ideological structure of liberalism in the Cape, 1854-1910", S Marks & A Atmore (eds), *Economy and society in pre-industrial South Africa*, pp 247-274.

Soos uit baie bronne bekend is, het daar heelwat bloedvermenging tussen blankes, slawe en Khoikhoi in die sewentiende en agtiende eeue in die Kaapkolonie voorgekom. Volgens Balie en Schoeman geld dit ook vir die Overberg en die Roggeveld. Appel is huiwerig om hom uit te laat oor die omvang van bloedvermenging in die Oudtshoorn-distrik. Swiegers is van mening dat daar in die laat agtiende eeu baie min sprake van gemengde huwelike of ander vorme van bloedvermenging in die Langkloof was. Ander skrywers swyg oor hierdie onderwerp. Swiegers skryf dat daar teen die einde van die agtiende eeu reeds sterk rassevooroordele by die blanke boere van die Langkloof aanwesig was en dat die Khoikhoi deur hulle beskou is as voortbestem om handearbeiders op blanke plase te wees. Schoeman meen dat in die Roggeveld "Victoriaanse" beskouinge van verfyndheid veral daartoe gelei het dat in die laat negentiende eeu die blankes hulle as verhewe bo die bruin mense beskou het en dat klasseverskille daar dus tot kleurskeidslyne gelei het. Soos die meeste skrywers aandui, was daar in verskeie distrikte soms nog tot diep in die negentiende eeu blankes en bruin mense in dieselfde kerke en skole. Oor die ontstaan en versterking van kleurskeidslyne binne die verskillende streke is die gegewens wat in die tien studies verskaf word taamlik vaag en die grootste deel van die navorsing wat oor hierdie aspek gedoen kan word, moet waarskynlik nog verrig word.

Die sendelinge het 'n belangrike rol gespeel in die proses om die Khoikhoi deel te maak van die Westerse kultuur en samelewing en om hulle hele lewensuitkyk te verander, en baie meer inligting hieroor as wat tans reeds in wetenskaplike studies opgeneem is, kan waarskynlik nog in die sendingargiewe gevind word.[189] Wat die verhouding tussen die sendingstasies en die boere betref, toon Prins, Viljoen en Balie aan dat die sendingnedersetting Baviaanskloof/Genadendal van groot betekenis was vir die omliggende plase wat betref die opleiding van ambagsmanne en plaaswerkers en die verskaffing van arbeid aan boere van die streek. Uit Scholtz en Appel se behandeling van sendingwerk en sendingskole in die Onder-Olifantsriviergebied en die Oudtshoorn-distrik, onderskeidelik, blyk dit dat nie al die sendingstasies so 'n belangrike invloed op die landboubedrywighede van die streek gehad het nie. Elke streek moet dus afsonderlik bestudeer word om 'n goeie begrip van die verhouding tussen die sendingstasies en die omliggende gebiede te verkry.

189 Die hoofstuk van H Ludlow, "Groenekloof after the emacipation of slaves, 1838-52: leavers, soldiers and rebels", H Bredekamp & R Ross (eds), *Missions and Christianity…,* pp. 113-134, bied nie veel inligting oor die verhouding tussen koloniseerders en inboorlinge nie, maar is 'n goeie voorbeeld van die gebruik van bronne in die sendingargiewe om veral afleidings van 'n kwantitatiewe aard te maak.

Verskeie skrywers verskaf inligting oor die geletterdheidspeil van die bevolking, wat in die meeste gebiede teen die einde van die negentiende eeu onder die blankes taamlik hoog was, maar heelwat laer was onder die bruin mense. Tog, soos Scholtz opmerk, het sommige bruin mense op sendingskole waarskynlik goeie opleiding ontvang, terwyl daar veral op die plase blankes was wat feitlik geen skoolonderrig gekry het nie. Engels was in die negentiende eeu die amptelike taal van die Kaapkolonie en is op skole onderrig, maar waarskynlik was groot getalle blankes en bruin mense op die platteland hierdie taal glad nie of in baie beperkte mate magtig. Hieroor is daar geen gegewens in die sewentien studies nie. Geen skrywer bespreek die vraagstuk wanneer die Khoikhoitale in 'n distrik verdwyn het en wanneer die bruin mense Afrikaans as moedertaal begin gebruik het nie. Soos uit taalkundige studies blyk, het verskillende variëteite van Afrikaans vanaf die agtiende eeu ontwikkel. Khoikhoitale het in sommige gebiede 'n sterker invloed op die Afrikaans van die bruin mense as op die Afrikaans van die blankes gehad, maar in ander gebiede het die vorm van Afrikaans wat blank en bruin gepraat het dieselfde streekskenmerke gehad.[190] Hierdie onderwerp kom nie in een van die sewentien studies aan die orde nie. Daar is heelwat oor die argitektuur, meubels, kleding en kulturele gebruike van die blanke bevolking van die Kaapkolonie geskryf, ook in sommige van die studies wat in die vorige afdeling bespreek is, maar oor die invloed wat kulturele gebruike van die Khoisan op die blanke boere gehad het, en oor verskille en ooreenkomste tussen die kultuur van die blankes en dié van die bruin mense, is baie min inligting in streekshistoriese werke te vinde. Balie toon aan dat teen die begin van die negentiende eeu Westerse kulturele gebruike reeds algemeen onder die bruin mense van Genadendal voorgekom het. Uit Meijers en Appel se werke wil dit voorkom of hierdie posisie op Bethelsdorp eers 'n paar dekades later bereik is. In sommige streke is hierdie veranderinge waarskynlik eers nóg later in die eeu voltrek.

Selfs as alle bronne intensief benut word, sal kennis oor baie aspekte waarna hierbo verwys is maar taamlik beperk bly. Dit hang waarskynlik daarmee saam dat die Khoikhoi en bruin mense die onderste laag van die koloniale samelewing gevorm het, waaroor in historiese bronne minder gegewens gevind kan word as oor die elite. Verder is daar, soos verwag kan word, minder bronne oor die agtiende eeu beskikbaar as oor die negentiende eeu. Die agtiende eeu was, veral in die Karoo, 'n periode van botsings tussen boere en Khoisangroepe, en

190 Vergelyk CP van Oordt, "Die ontwikkelingsgeskiedenis van Afrikaans: 'n inklusiewe perspektief en implementering in 'n lesreeks" (Ph.D., NWU, 2008).

in die streeksgeskiedenisse wat hierbo bespreek is, word nie veel meer inligting hieroor verskaf as in die werk van Penn nie. Die proses waarin die Khoisan in die Kaapkolonie hul tradisionele leefwyse en kultuur verloor en 'n Westerse taal, godsdiens, kleding, gebruike, ensovoorts, aanvaar het, het, het in die agtiende eeu begin, maar is, wat die grootste deel van die kolonie betref, in die loop van die negentiende eeu voltooi. Hieroor kan waarskynlik nog baie meer navorsing gedoen word.

Die sewentien studies wat in hierdie artikel bekyk is, bevat waardevolle inligting, maar dit is duidelik dat daar nog veel meer navorsingswerk nodig is alvorens 'n goeie begrip van die ontwikkeling van die samelewing, en in besonder van die verhoudinge tussen inboorlinge en koloniseerders, in die verskillende streke van die Kaapkolonie verkry sal kan word. Om so 'n begrip te vorm is dit seker nie nodig dat die geskiedenis van elke streek of distrik intensief bestudeer moet word nie. Deeglike navorsing oor een of twee distrikte in verskillende dele van die Kaapkolonie, byvoorbeeld die Boland, die Suid-Kaap, die Groot Karoo en die noordwestelike streke, kan moontlik voldoende wees om 'n goeie geheelbeeld te vorm van ontwikkelinge in die hele gebied waar die Khoisan en die Westerse koloniseerders met mekaar in aanraking gekom het.